

Skriflesing: Matt 5:10-12; Luk 21:12-13; Joh 15:20; 1 Pet 2:11-12; 1 Pet 4:12-19

Tema: Gelukkig om vir Jesus vervolgt te word

Daar is onder Skrifverklaarders redelike konsensus dat hierdie laaste saligspreking terugverwys na die voorafgaande sewe. Wanneer ons in alles kinderlik afhanklik van God is, soveel erns maak teen sonde dat ons daarvoor huil en ook huil oor die pyn en swaarkry van die wêreld, as ons sagte moed het, net fokus op wat reg is en om te doen wat God vra, met 'n oop hart en hand leef, onself rein hou en 'n vredemaker is, gaan dit ons iets kos. Wanneer ons so anders as die sondige wêreld leef, sal ons vervolging ervaar, nie omdat ons beter as die sondige wêreld is nie, maar omdat ons anders is. Ons sal dinge doen en sê wat vir die wêreld vreemd is. Ons sal gee waar ander neem, liefhê waar ander haat en help waar ander misbruik.

Dit is asof Jesus dit as as 'n gegewe aanvaar dat iemand wat Sy woorde só ernstig opneem, vervolgt sal word. So 'n persoon sal nie vervolgt word omdat hy of sy dit verdien of omdat hul ongehoorsaam of hardkoppig is nie. Hul sal nie vervolgt word omdat hul vervolging soek nie, maar dit is 'n logiese uitvloeisel van 'n lewe volgens Jesus se riglyne. Anders as die wêreld wat in sonde vasgevang is, sal hulle doen wat reg is. Hulle sal sy Woord ernstig opneem en dit uitleef. Indien Christus vir jou alles en eerste is, jy jou kruis opneem en Hom volg, sal jy vervolgt word. Jy moet nie daarvoor verbaas wees nie. Só was dit met die profete. Só was dit met Jesus. Ons is tog nie belangriker as Jesus nie. Só sal dit met ons wees. In hierdie wêreld is ons vreemdelinge en bywoners.

Vervolging neem verskillende vorms aan: Stefanus is met klippe doodgegooi. Johannes die Doper is onthoof. Christene ervaar vandag steeds sulke vervolging. Om in die tronk gegooi, gestraf of doodgemaak te word omdat hulle God se woorde glo en uitleef is 'n realiteit. Maar ons ervaar nie hierdie tipe vervolging aan ons eie lyf nie. In ons "beskaafde" samelewing is vervolging meer subtiel. Ons vra soms vir mekaar of ons sal bly opstaan vir Christus wanneer ons lewe fisies bedreig word. Dalk moet ons eerder vra of ons sal opstaan vir Christus wanneer dit wat ons glo, soos tans, bedreig word. Mense bevraagteken in die moderne eeu spottend die feit dat ons glo in 'n kind in 'n krip en 'n Verlosser aan 'n kruis. En ons word gereeld uitgedaag om tog nie so eng te wees nie. Vat nog 'n dop, gee 'n omkoopgeldjie, kom kuier saam in die klub vol begeerlikhede, almal doen dit. Daar is mense wat sê dat die feit dat ons mekaar moet liefhê beteken dat ons alles moet aanvaar wat ander doen. Ons is mos darem 'n ruim huis waarin daar plek vir alles en almal is. Partykeer is die vervolging wat ons ervaar 'n agteraf geskinder of verdagmakery. Hierdie goed sal nie minder raak nie. Vervolging sal toeneem tot Jesus weer kom.

Maar wie is die vervolgers aan wie Jesus hier dink? As Jesus verwys na die profete wat vervolgt is, verwys Hy daarmee ook na dié wat die profete vervolgt het, hulle wat die profete se woorde nie wou hoor nie. Jesus dink waarskynlik in die eerste plek aan die

volk van God van destyds. Jesus self is in die eerste plek vervolg deur kerkmense. Stefanus en Johannes is doodgemaak onder die waan dat God gedien is. Dit is eers later dat Romeine soos Nero en Domitianus Christene begin vervolg en hul laat doodmaak het met leeus in arenas en op brandstapels. Die hartseer is dat ons vandag steeds baie keer vervolging van ons eie mense ervaar.

Maar wat as ons as Christene nie vervolging ervaar nie? Is vervolging weselik aan Christenwees? Is 'n Christen 'n Christen as hy of sy nie vervolg word nie? Dietrich Bonhoeffer, wat geleef het van 1906-1945 en as Christenmartelaar opgehang is, het gesê: "Suffering then, is the badge of true discipleship. The disciple is not above his master ... If we refuse to take up our cross and submit to suffering and rejection at the hands of men, we forfeit our fellowship with Christ and have ceased to follow Him." Martin Luther het van vervolging gepraat as een van die kenmerke van die Christelike kerk.

Maar die Bybel ken tog ook goedgaantye; tye sonder vervolging.

Wat belangrik is, is dat 'n mens moet uitmaak waarom jy nie vervolg word nie. Miskien het ons so deel van die samelewing geword dat ons nie meer anders leef nie. Soos 'n verkleurmannetjie smelt ons saam met ons omgewing. Ons is só gekondisioneer en só ingesuij in die wêreld dat ons maar soos almal dink en doen en dat dit daarom nie vir die wêreld nodig is om teen ons teenstand te bied nie. Ons het lou geword. Ons mag nie so aan ons eie selfsugtige begeertes toegee nie. In 1 Pet 2:12 word ons opgeroep: "Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening."

Ons moet vervolging nie vermy nie. Vir ons is vervolging nie slegte nuus nie. Daar is seën in vervolging. Vervolging skei ware gelowiges van skyngelowiges. Vervolging bevestig jou prioriteite. In 1 Pet 4:14 en 16 lees ons: "Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid behoort, die Gees van God, op julle bly."

Vervolging is 'n geleentheid om te getuig. "Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daarvoor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik."

En ons kan staande bly in vervolging in die krag van die Here. In 1 Pet 4:19 staan daar: "Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen."

Afsluiting

Jesus sê: Driedubbelgelukkig is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is

Daar is 'n opvallende skuif van vers 10 na vers 11, 'n skuif van "hulle" na "julle". Jesus maak hier duidelik dat vervolging nie gaan oor "ander", oor "hulle" nie, maar oor "julle, oor jou". Jy wat die kruis en die Woord ernstig opneem. Jy wat Hom hoor en Sy wil doen. Jy is die een vir wie God se driedubbele geluk en Sy seën bedoel is. Geseënd is jy wat vervolgd word, wat bevraagteken of beskinder word ter wille van Christus. Al kry jou op aarde soms swaar ter wille van die Here en jou geloof, wees bly en verheug, want aan jou behoort die Koninkryk van die hemel.

Amen